

Gesinsbeskermer



Ontmoet die Gesinsbeskermer, h polis om jou gemoedsrus te gee na trauma

Moet nooit die effek van h traumatiese gebeurtenis onderskat nie. Trauma kan tot talle sielkundige/psigologiese en fisiese gevolge aanleiding gee, en jy sal al jou kragte nodig hê om te herstel. Laat ons jou help om weer op jou voete te kom deur jou teen sommige finansiële onsekerhede, wat met onverwagse gebeurlikhede gepaard gaan, te beskerm.

h Traumatiese gebeurlikheid? U Geniet Dekking

Om h ongeluk, kaping, of ander traumatiese voorval te ervaar, is stresvol genoeg – jy het nie nog verdere bekommernisse nodig oor die finansiële impak wat die trauma op jou en jou gesin gaan hê nie.

Dit is waar ons u ondersteun.

Die Gesinsbeskermer sal verseker dat jy in die nadraai van h traumatiese voorval gedek is – of jy gehospitaliseer word, ongeskik is en of jy sielkundige/psigologiese ondersteuning benodig.

Verder word die Global Choices Misdaad Hulpvoordeel en die MIV-voorkomingsplan, by die Gesinsbeskermerpolis ingesluit om te help om die traumatiese gebeure te oorkom.

Wat ook al jou omstandighede, ons is 24/7, 365 dae per jaar byderhand om jou in jou tyd van nood by te staan.

Wat word deur die Gesinsbeskermer gedek?

- Jy sal gedek word vir toevallige dood, toevallige ongeskiktheid, daaglikse hospitalisasie en trauma, met die toevallige ongeskiktheidsvoordele wat slegs verval wanneer jy 80 jaar oud word
- Jy sal h uitbetaling van R10 000 ontvang indien die voorval met h kriminele aktiwiteit gepaard gaan en dit h liggaamlike besering tot gevolg het
- Jou kinders word deur beperkte ongeskiktheidsvoordele gedek.
- Jy sal daaglikse hospitalisasievoordele ontvang ongeag wat jou mediese hulpskema uitbetaal
- In die geval van h ongeluk, waar dringende hospitalisasie benodig word, sal die mediese fasiliteit h waarborg ontvang, tot op R50 000 per gesinslid vir hospitaaltoelating.
- Jy sal nood- mediese bystand sowel as oorplasings tussen hospitale, indien nodig, ontvang
- Jou kinders sal, indien hulle as gevolg van jou hospitalisasie, gestrand is, vergesel word
- h Gesinslid sal vervoer word om jou te besoek indien jy vir langer as vyf dae buite jou tuisdorp gehospitaliseer word

- Die polis is uitgebrei om beserings te dek wat jy opdoen in jou kapasiteit as polisie-reservis, plaas- of buurtwaglid of soortgelyke organisasie
- Jy sal gedek word vir beserings opgedoen weens deelname aan gevaarlike sportsoorte
- Jy sal gedek word vir onsigbare beserings soos die inaseming van rook of gasse
- Kritieke siektedekking is 'n opsionele voordeel vir persone onder die ouderdom van 50 jaar wat sal staak op die versekerde se sestigste verjaardag. Kritieke siektedekking dek 25 omskrewe siektes en het 'n wagperiode van 90 dae
- Die polis kan uitgebrei word om 'n premiekwytskelding vir ses maande, na die dood van die hooflid, vir die oorblywende gesinslede, toe te laat.

MIV-voorkomingsplan

24 uur toegang tot telefoniese berading, insluitend berading vir posttraumatiese stresversteuring

Behandeling en dienste sluit in:

- Drie MIV-verwante traumakonsultasies met 'n spesialis, hetsy 'n algemene praktisyn, trauma opgeleide geregistreerde verpleër/verpleegster of traumaberader
- Drie MIV bloedtoetse
- Toegang tot voorkomende medikasie vir Seksueel Oordraagbare Infeksies en/of Seksueel Oordraagbare Siektes
- Toegang tot toetsing vir Hepatitis B en C
- Toegang tot antiretrovirale of profilaktiese terapie
- Toegang tot medikasie bekend as 'n nabehoedpil ("morning-after pill") om swangerskap te voorkom
- Agt en twintig dae na blootstelling profylakse medikasie

Trauma- en aanrandingsvoordeel

- 24 uur trauma- en aanranding bystandshulplyn deur opgeleide professionele medici
- Organisering van toepaslike noodsteundienste insluitend noodvervoer na die naaste, mees geskikte mediese fasiliteit
- Voordeel tot op R5 000 per persoon en tot R10 000 per gesin

Misdad hulpvoordeel

24 uur krisisbestuursdiens om jou te help in die geval van 'n huisroof, kaping of straatroof

- Indien jy gekaap word en jou selfoon word gesteel, sal jy 'n selfoon met R200 se voorafgelaaiede lugtyd ontvang
- Indien jy gekaap word, sal jy 'n Groep B gehuurde motor vir 48 uur ontvang
- Indien jou bankkaart tydens die kaping of huisroof gesteel word, sal jy 'n voorafgelaaiede Master geskenkkaart met R500 daarop ontvang
- Indien jou sleutels tydens die kaping gesteel word, sal 'n slotmaker na jou woning gestuur word – tot die waarde van R1000 per jaar
- In die geval van 'n huisroof of kaping sal 'n veiligheidswag vir 24 uur by jou woning geplaas word
- In die geval van 'n huisroof sal jy hotelakkommodasie tot die waarde van R1 000 per jaar ontvang

In geval van Nood, skakel die
24 uur kontaksentrum by

0861 99 99 61

| Voordeel per persoon | Plan 1 | Plan 2 | Plan 3 | Plan 4 |
|---|----------------|----------------|----------------|----------------|
| Toevallige dood <i>*Kinders beperk tot die bedrag toelaatbaar deur wetgewing ten tye van die verlies.</i> | R500 000 | R350 000 | R250 000 | R150 000 |
| Toevallige ongeskiktheid <i>*Kinders beperk tot 25% van voordele.</i> | R750 000 | R500 000 | R350 000 | R250 000 |
| Daaglikse hospitalisasie Dag 1 | R3 000 | R3 000 | R1 800 | R1 100 |
| Daaglikse hospitalisasie Dag 2 | R3 000 | R1 800 | R1 100 | R650 |
| Daaglikse hospitalisasie Dag 3 | R3 000 | R900 | R550 | R325 |
| Daaglikse hospitalisasie Dag 4 tot op dag 87 | R525/dag | R300/dag | R200/dag | R125/dag |
| Addisionele Traumavordeel | R10 000 | R10 000 | R10 000 | R10 000 |
| Totale maandelikse premie (sluit R12.00 polisfooi in) | R305.00 | R217.00 | R174.00 | R109.00 |

Gesinsbeskermer opsionele byvoegingsdekking

| Kritieke siekte * | Dekking | |
|---|---------|---------------------|
| | R25 000 | R50 000 |
| 18-30 jaar (sluit gesin in) | R16.00 | R32.00 |
| 31-40 jaar (sluit gesin in) | R27.00 | R54.00 |
| 41-50 jaar (sluit gesin in) | R59.50 | R119.00 |
| * Kinders ontvang 50% van die voordele | | |
| Premiekwytskelding | | |
| Premies word tot op ses maande kwytgeskeld gedurende die eis-fase | | 5% van Bruto-premie |

Indien u enige vrae aangaande die Gesinsbeskermer het, skakel ons vandag nog.

T&E FinOps (Edms.) Bpk
Tel: 010 493 4633
Tiens Theron: 0823861593
E-pos: tiens.theron@tefinops.co.za

T&E FinOps is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer
FSP-nommer: 15485

Die Gesinsbeskermerpolis het h paar uitsluitings wat duidelik in die polisdokumente wat jy sal ontvang, uiteengesit word.

Hierdie pamflet en sy inhoud geld nie as finansiële advies nie. Alle voordele en dekkingsbedrae vermeld, is soos op 21/11/2019.

Indien daar h konflik tussen die pamflet en die polisdokument is, sal die polisdokument die geldende een wees.

hollard.co.za
Tel: (011) 351 5000

Underskrif deur The Hollard Insurance Company Limited (Reg. Nr. 1952/003004/06), 'n gemagtigde Finansiëlediensteverskaffer

Hollard.